Afrikaans Huistaal

Graad 11

Vraestel 1 (Taal in konteks)

Junie 2014

Tyd: 2 uur

Punte: 70

MEMORANDUM

Die nasien van die Begripstoets

- Omdat die klem op begrip val, moet spel- en taalfoute nie in die antwoorde gepenaliseer word nie, behalwe wanneer sodanige foute die betekenis of begrip verander. (Foute moet steeds aangedui word.)
- Indien die kandidaat woorde gebruik anders as die taal wat eksamineer word, verontagsaam daardie woorde en wanneer die antwoord steeds sinvol is, moenie penaliseer nie. Wanneer ’n woord van ’n ander taal egter in ’n teks gebruik is en in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By vrae met oop antwoorde word geen punte vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE toegeken nie. Die rede/bewys/ motivering moet oorweeg word.
- Geen punte moet toegeken word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie.
- MENING. Die rede/bewys/motivering moet oorweeg word.
- As antwoorde wat een woord vereis in ’n sin beantwoord word, ken die punt toe op voorwaarde dat die kandidaat die korrekte woord onderstreep het.
- Wanneer twee of drie feite vereis word en ’n hele reeks word gegee, sien slegs die eerste twee of drie na.
- Aanvaar beide die letter van die ooreenstemmende antwoord EN/OF wanneer die antwoord uitgeskryf is by veelkeusige vrae.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: RUBRIEK

1.1	Hoe ons mekaar se verskille hanteer/verwerk/akkommodeer.√	(1)	V1
1.2	"tydelike verblyf"√	(1)	V2
1.3	Die mens leef nie noodwendig vreedsaam/in vrede/eensgesind met mekaar saam nie√ en hulle is ook nie altyd betrokke by mekaar nie of hulle ondersteun mekaar nie.√	(2)	V3
1.4	Die drang om altyd meer te besit/drang na rykdom√ en die drang om ander te beheer.√	(2)	V2
1.5	"ontelbare verskille"√	(1)	V2
1.6	Volgens paragraaf 4 het almal nie dieselfde idee, mening of opvatting ten opsigte van smaak en standaarde√ maar volgens paragraaf 5 geld dieselfde basiese standaarde ten opsigte van higiëne.√	(2)	V3
1.7	25 jaar (nie halfeeu nie)√	(1)	V2
1.8	Hy was al in baie situasies waar die higiëne baie swak was/hy moes al in baie vuil plekke tuisgaan.√	(1)	V3
1.9	Die toiletgeriewe van vulstasies is vuiler as al die ander openbare geriewe/hierdie geriewe is die vuilste van almal.√	(1)	V3
1.10	Sy doen nie haar werk deeglik nie.√	(1)	V1
1.11	skoon/netjies√	(1)	V2
1.12	Ontsteltenis/misnoeë/ongelukkigheid√	(1)	V3
1.13	Gastehuis impliseer aanvaarbare, netjiese verblyf√, maar hy moes hier in 'n vuil, slordige privaat woning tuisgaan – dus geen gastehuis nie!√	(2)	V3

1.14 Die kussingslope is nie vars oorgetrek nie, daar was vuil wasgoed oor die bad se rand, die bad was vuil, daar was slegs gebruikte seep en baardstoppels in die wasbak. (Enige twee)√√ (2) V1

1.15 Die woorde “geïmproviseerde bedsprei” wat uit sy eie klere bestaan, dui op sy afkeer; hy het hom aan die slaap geril – die emotiewe woord dui op sy afkeer; die woord “knussies” in die verkleiningsvorm is hier sterk ironies gebruik om sy afkeer van Oupa se stokou brakkie aan te toon – knussies dui normaalweg op ’n positiewe gevoel, maar hier is die knussies alles behalwe welkom. (Dit moet duidelik in die leerders se antwoord blyk hoe die woordkeuse die negatiewe gevoel uitbeeld – enige twee voorbeelde.)√√ (2) V5

1.16 Tydens kampering is higiëne nie so krities√ soos in die gasvryheidsektor waar groot klem op netheid geplaas word nie.√ (Kampering is informeel en die gasvryheidsbedryf formeel.) (2) V2

1.17 Oop antwoord – beoordeel die respons van die leerder volgens die sinvolheid daarvan, byvoorbeeld: Nee, want dit is beter om in vuil omstandighede te leef as om dood te wees!√ (1) V4

TEKS B: VISUELE TEKS

1.18 In Teks A handel sit hoofsaaklik om onhigiëniese omstandighede (van veral openbare geriewe en die badkamer), terwyl die foto op ’n besonder vuil badkamer dui.√ (1) V3

1.19 Oop antwoord, bv. Nee, ’n foto van ’n netjiese badkamer sou die doeltreffendheid van die onderneming beter uitgebeeld het; Ja, dit toon aan dat geen badkamer vir die maatskappy te erg is om op te knap nie.√√ (Een of twee punte word toegeken na gelang van die volledigheid of sinvolheid van die antwoord.√√ (2) V4

1.20 Oop antwoord, bv. Nee – droom en nagmerrie dui op dieselfde begrip; Ja – nagmerrie dui op iets negatiefs, terwyl droom iets positiefs suggereer of impliseer.√ (1) V4

1.21 As jy nie van die onderneming gebruik maak nie√, vorm jy nie deel van die spesiale groep nie√; jy is dom (onverantwoordeli k) as jy nie van die onderneming se diens gebruik maak nie. (2) V3

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

	Aanhaling		**Eie woorde/Feite**
1	Aanvanklik is hy ’n bietjie stram, maar as hy eers ingeloop is, kan jy vergeet van blase! Die sool is omtrent van trekkerbandgehalte en die algemene vakmanskap is indrukwekkend.	1	Die skoen verhoed blaasvorming, die sool is baie sterk en getuig van goeie vakmanskap
2	Hierdie skoene is so ontwerp dat dit jou enkels deurentyd ondersteun	2	Jou enkels word voortdurend ondersteun.
3	Die binnesole van die skoene kan gerieflikheidshalwe uitgehaal word en dit is so ontwerp dat dit binne ’n rekordtyd droog word in ’n koel plek waar genoeg lug trek.	3	Die binnesole kan uithaal en word gou droog in ’n koel, lugtige plek.
4	Die hele skoen is gelukkig met AEGIS Micro Shield bedek. Dit kom in gewone Afrikaans daarop neer dat dit help keer dat jou skoen ruik en bakterieë en skimmel hul knoeiwerk doen.	4	Die AEGIS Micro Shield wat die skoene bedek, keer dat reuke ontwikkel, skimmel vorm en bakteriese werking geaktiveer word.
5	Anders as baie stapskoene is hierdie stewel gemaak om vinnig en rats te laat waai oor lang afstande.	5	Die skoen is ontwerp om lang afstande vinnig en ligvoets te stap.
6	Die materiaal van die stewels is van sulke hoogstaande gehalte en die vakmanskap sodanig dat die skoene vir ’n leeftyd sal hou – mits jy hulle natuurlik goed oppas.	6	Die goeie materiaal en vakmanskap waarborg met die korrekte versorging ’n lang leeftyd.
7	Om jou staptog te vergemaklik, het die skoen genoeg toonruimte wat help as jou tone begin swel – jy sal dus nie in te veel pyn verkeer nie!	7	Genoeg toonruimte verhoed pyn wanneer die tone swel.

Die skoene verhoed blaasvorming, die sole is sterk en getuig van goeie vakmanskap. Die skoene ondersteun jou enkels voortdurend. Die binnesole kan uithaal en word gou droog in koel, lugtige plekke. ’n AEGS Micro Shield keer dat reuke ontwikkel, skimmel vorm en bakterieë aktief raak. Die skoene laat jou ligvoets en vinnig oor lang afstande stap. Uitstekende materiaal en vakmanskap waarborg met die korrekte versorging ’n lang leeftyd. Genoeg toonruimte verhoed pyn wanneer die tone swel.

TOTAAL AFDELING B: 10

Die nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

Puntetoekenning:

- 7 punte vir sewe feite (1 punt per hooffeit)
- 3 punte vir taal
- Totale punt: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woord vir woord aangehaal het nie:

- 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat woord vir woord aangehaal het:

- 6 – 7 aanhalings: geen punt vir taal word toegeken nie
- 1 – 5 aanhalings: ken een punt vir taal toe

LET WEL:

Aantal woorde:

- Daar word van nasieners verwag om die aantal woorde te verifieer.
- Moenie punte aftrek wanneer die kandidaat nagelaat het om die aantal woorde aan te dui nie, of as die aantal woorde nie korrek aangedui is nie. Indien die aantal woorde oorskry is, lees tot die laaste sin na die maksimum aantal woorde (90) en ignoreer die res van die opsomming.

Sien bladsy 8 van:
OFFICIAL LANGUAGES:
HOME LANGUAGE
EXAMINATION GUIDELINES
GRADE 12
2014

[Die bogenoemde riglyne maak geen melding van opsommings wat in die verkeerde formaat aangebied is nie.]

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: SPOTPRENT

3.1 Het hulle geweet hoe hoog hy kon vlieg?√ (1)

3.2 Na die dubbelpunt volg die opskrif of koerantkop (van die berig).√ (1)

3.3 3.3.1 Moet Afrikaans eerder nie vlerke gee nie.√ (1)
3.3.2 Afrikaans moet eerder vlerke gegee word.√ (1)

3.4 arendjie√ (1)

3.5 vleuels√ (1)

3.6 popmooi/prentjiemooi√ (1)

3.7 Oop antwoord, byvoorbeeld Afrikaans word uit talle oorde bedreig√ soos uitgebeeld deur die talle gewere wat op die arend (as simbool van Afrikaans) gerig is.√ (2)

3.8 Dit dui daarop dat dit ’n koerant vir almal is – die algemene publiek se koerant.√ (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

4.1 Meester sê aan die klas dat <u>hy</u> die <u>vorige dag</u> en <u>twee dae gelede</u> twee vreeslike dae gehad het.√ √
Meester sê aan die klas hy het die vorige dag en twee dae gelede twee vreeslike dae gehad.
(Indien die leerders die onderstreepte woorde almal korrek het, asook die woordorde, ken 2 punte toe. Indien daar 2 foute is, word geen punt toegeken nie.) (2)

4.2 móét√ (1)

4.3 Jy moet meer eet, jy is te maer!√ (1)

4.4 Maar moet dit vandag volgens die wet van gemiddeldes ’n beter dag wees**?**√ (1)

4.5 wettig√ (1)

4.6 Die woord “daai” en die woord “beter” (die Engelse invloed “better”) in plaas van liewer/eerder en die “moet” wat na *ons* uitgelaat is.√√ (Enige twee) (2)

4.7 Indien hulle dit nie doen nie, sal Meester ’n derde baie slegte dag hê!√ (1)

4.8 gemiddeldes√ (1)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

5.1 Jacques de Villiers√ (1)

5.2 skryf/skrywe√ (1)

5.3 byvoeglike bysin√ (1)

5.4 orkes/groep/sanggroep√ (1)

5.5 poëtiese√ (1)

5.6 roeping√ (1)

5.7 kampus√ (1)

5.8 5.8.1 Grieks√ (1)
5.8.2 lewe√ (1)

5.9 TUT√ (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70